INLIGTINGSTUK: OUDIODIENS

DIE INSTITUUT VIR BLINDES BEFONDS DIE OUDIODIENS WAT BESTAAN UIT 'N BIBLIOTEEKBOEKDIENS EN 'N TYDSKRIF-EN KOERANTDIENS

Die Pionierdrukkery maak weekliks klankopnames van boeke, tydskrifte en koerante, dupliseer dit op MP3 cd en stel dit tot beskikking van siggestremde persone in SA. Die oudioleesboeke kan gratis by die Pionierskool se biblioteek uitgeleen word, maar die oudiotydskrifte en -koerante is onderhewig aan 'n jaarlikse intekenfooi. (Intekenfooi op aansoekvorm). Die biblioteekdiens sluit tydens skoolvakansies terwyl die koerante- en tydskriftediens tydens die Desember skoolvakansie afgeskaal word. Ons verneem graag van u indien u wenke, spesifieke voorstelle of klagtes in verband met ons oudiodiens het.

AANSLUITING BY DIE OUDIODIENS

Om by die oudiodiens aan te sluit moet u die aangehegte aansoekvorm voltooi en aan ons terugstuur. L.W.: Hierdie diens is volgens kopieregvereistes, slegs vir siggestremde persone beskikbaar wat nie meer gewone druk kan lees nie. Stel ons asseblief in kennis indien u adres verander het of indien u om een of ander rede tydelik of permanent die oudiodiens wil staak. Alle aansoeke, versoeke of korrespondensie i.v.m.Oudiotydskrifte en -koerante, moet gerig word aan: Oudio: Afdelingshoof, Pionierdrukkery, Posbus 994, Worcester, 6849. Alle navrae oor Oudiobiblioteekboeke moet gerig word aan: Die Bibliotekaresse, Pionierskool, Posbus 933, Worcester, 6849. Op die aansoekvorm moet u asb aandui watter tydskrif(te) / koerant(e) / tipe boeke u verlang. Die bibliotekaresse sal na gelang van u keuse vir u oudioboeke aanstuur. U is welkom om vir ons 'n lys van boeke aan te heg wat u graag sal wil lees. Hoe meer boeke op u lys is, hoe groter is die kans dat wat u wil lees, wel beskikbaar is. Soms moet die bibliotekaresse noodgedwonge vir u 'n boek stuur wat nie op u lys is nie, omdat al die boeke op u lys reeds uitgeleen is.

LEES EN TERUGSTUUR VAN OUDIOLEESSTOF

Dis belangrik om die oudiotydskrifte en –koerante dadelik te lees op u Mp3 speler of Daisyspeler en weer aan ons terug te stuur. As die oudiotydskrifte nie stiptelik aan ons teruggestuur word nie, sal u 'n kennisgewing ontvang en mag die diens onderbreek of opgeskort word. Die bibliotekaresse versend twee oudioboeke op cd per keer aan u. Wanneer die eerste oudioboek klaar gelees is, pos dit asseblief onmiddellik aan ons terug. Lesers word versoek om die oudioboeke, indien moontlik, nie langer as veertien dae te hou nie. Onthou dat u die adreskaartjie in die gleuf van die plastiekhouer omdraai met ons adres voorop wanneer u die oudioboek of -tydskrif aan ons terugstuur. Moenie wag tot u eers met die tweede oudioboek klaar is nie. Die roetine waarvolgens leesstof versend word, verseker dat u altyd 'n oudioboek in u huis sal hê om te lees. Normaalweg word elke afsonderlike titel in 'n aparte houer versend. Boeke word alleenlik uitgestuur ná terugontvangs van 'n volledige boek.

TEGNIESE FOUTE

Stel ons asseblief in kennis as u enige tegniese foute met oudioboeke of tydskrifte ondervind, bv. 'n beskadigde cd, swak klankkwaliteit, ens. Spesifiseer asseblief wat foutief is.

VERSORGING VAN OUDIOBOEKE EN -TYDSKRIFTE

Oudioboeke en –tydskrifte mag nie onder lesers uitgeruil word nie. Die oorspronklike intekenaar dra die verantwoordelikheid. Ons vertrou op u samewerking in die versorging van ons oudioboeke en –tydskrifte, sodat ons die diens aan ons steeds groeiende lesertal kan uitbrei. Onthou altyd, die vervaardiging van oudioboeke en -tydskrifte is ‘n duur proses. Indien oudioboeke en -tydskrifte herhaaldelik onvolledig of beskadig aan die biblioteek teruggestuur word en dit blyk dat dit onverskillig gehanteer of daarmee gepeuter is, kan vergoeding daarvoor gevra word.

HANTERING VAN OUDIOBOEK / OUDIOTYDSKRIF

Posversendinghouer Al ons oudioboeke en -tydskrifte word in ‘n posversendinghouer verpak. Elke posversendinghouer kan een of meer cd’s in ‘n plastiekomhulsel bevat. ‘n Adreskaart pas in ‘n gleuf op die houer. Al wat u doen, is om plastiekhouers oop te maak, u cd’s te lees/luister en na terugplasing in die houers, die adreskaart uit sy gleuf te haal en om te draai. Die Biblioteek of Pionierdrukkery se adres is dan sigbaar. Daar moet dus geen skryfwerk gedoen word nie en adreskaartjies kan oor en oor gebruik word. Moenie u adres doodkrap nie! Wanneer u van adres verander, moenie u adres op die adreskaartjie verander nie, maar stel ons betyds skriftelik/telefonies in kennis van die verandering. Dit skakel vertraging uit. Die versending deur die pos is gratis, dus kan van die houers met cd’s verlore raak.

Gegewens op die posversendinghouer en plastiek cd-omhulsel Daar sal geen Braille of teks etiket op die posversendinghouer of op die plastiek cd-omhulsel geplak wees nie. slegs die adreskaart sal in die posversendinghouer se gleuf wees. Aantal cd’s met plastiekomhulsels in die posversendinghouer Daar sal soms een of meer cd’s in ‘n posversendinghouer wees deurdat die oudiotydskrifte en –koerante soms uit ‘n weeklikse cd met weeklikse tydskrifte en –koerante bestaan en ‘n maandelikse cd met maandelikse tydskrifte. Die oudiobiblioteek kan soms meer as een cd-boek in die posversendinghouer aan u stuur.

Gegewens op die cd gedruk Daar sal geen teks of Braille etikette op die cd geplak wees nie, maar daar sal inligting op die buitekant van die cd gedruk wees.

Oudioklank op die cd Al die klankopnames van die weeklikse tydskrifte en –koerante sal op een cd wees en al die klankopnames van die maandelikse tydskrifte sal op ‘n ander cd wees. U kan self selekteer na watter tydskrif u wil luister op elke cd. Die klank is in snitte op die cd verdeel om vir u met selektering of die soekfunksie te help.